

KOMMUNIKAMMA 6 MAART 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za



Kraggakamma Gemeente vier hierdie maand haar 49ste jaar van genade! Ons dank die Here vir Sy hand van seën wat oor ons gemeente rus.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Skriflesing: Romeine 10:5-17

Tema: In Christus slaag ons by God.

<https://youtu.be/I62ewpkS6eY>

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

08:30 EIETDSE EREDIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK

Baie geluk aan Karla en Louis Moolman met die doop van julle dogtertjie, Mieke.

09:45 KATEGESSE VIR GRAAD 4 – 10 BY DIE KERKGEBOU

GRAAD 1 – 3 PIEKNIK BY LONDT PARK MINI TREIN TERREIN.

Ons nooi alles Gr 1,2,3 kinders en ouers uit vir 'n kategetiese uitstappie na die Londt Park mini trein. Ons stap 09:45 saam vanaf die kerkgebou, maar jy is welkom om ons teen 10:00 by Londt te ontmoet.


Ons moedig die kinders aan om saam te kom. Elke kind MOET deur 'n ouer of voog, wat verantwoordelikheid vir die kind aanvaar, vergesel word. Pak gerus 'n piekniekmandjie vir die geleentheid. Ons as gemeente betaal vir een rit per kind en van daar is dit op elke ouer/voog se eie rekening. Neem kennis dat Londt Trein slegs met kontant werk.

10:00 KLASSIEKE EREDIENS

Die deurdankoffer gaan vir Gemeentebediening

18:00 ALWYN UYS GETUIENIS

'n Sharks en Maties rugbyspeler, 'n jongman wat lewe vir die volgende "buite" avontuur se hele lewe verander op 13 Desember 2014 toe hy in 'n motorongeluk tussen St Francis en Port-Elizabeth beland. Alwyn se nek, ribbes en rug is in die ongeluk gebreek. Vandag, 8 jaar later, is Alwyn die eerste Para-atleet wat die swemtog vanaf Kaap tot Robbeneiland aangepak het. Hy is ook die eerste Para-atleet wat die Ironman (in Durban) en die Ironman (in Gqeberha) voltooi het. Bo



DATUM: 6 MAART 2022
TYD: 18:00
PLEK: KRAGGAKAMMA GEMEENTE

en behalwe alles wat hy bereik het, het hy 'n groot liefde en passie vir God en Sondagaand 18:00 kom deel hy sy getuienis met ons. Daar sal voor en na die tyd van Alwyn se eie heerlike koffie beskikbaar wees. Moenie hierdie spesiale geleentheid misloop nie.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi. <https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. **Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.**

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.

Gemeente Vraelys

As gemeente is ons deurlopend onder konstruksie om die Here, mekaar en die gemeenskap beter te bedien. Met hierdie vraelys wil ons graag hoor van jou bedieningservaring en -behoefte. Ons het elkeen se insette nodig in die bou van God se koninkryk. Na die verwerking van die vraelys, sal die uitslag aan die gemeente bekend gemaak word en die nodige verbeteringe en aanpassings in die gemeente gedoen word. Vraelyste moet verkieslik digitaal ingevul word (https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLScG6SIPbEMS6wQxdApnXjmHiFxov3JBcu8Qj8UsG0V-f76ogw/viewform?usp=sf_link), maar lyste is ook uitgedruk en in die voorportaal beskikbaar. Lyste moet voor of op Maandag 14 Maart 2022 ingevul wees. Vir enige navrae, kontak Niekie by 041 3601484.

Maandag 7 Maart

09:30 Nagmaal by Kraggakamma Uitspanning

12:45 GEBEDSKILD

Gemeente gebedgeleentheid by konsistorie. Almal is welkom.

Dinsdag 8 Maart

Die 10:00 en 11:00 **Nagmaal by Stella Londt** verskuif na Dinsdag 15 Maart 2022.

Woensdag 9 Maart

Voedselhulp aan PE-Noord

Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds R301 527,55 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

19:00 KERKRAADSVERGADERING

Vrydag 11 Maart

05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205.

MAART MALLIGHEID



Neem asb kennis dat die Maart Malligheid verskuif is na eerskomende Vrydag, 11 Maart om 19:00.

Indien jy die aand saam wil kuier, versoek ons 'n donasie (van ongeveer R50) by die deur wat dien as ingangsfooi. Die geld gaan vir ons Barmhartigheids bediening.

Indien jy graag die aand as 'n gasheer/gasvrou wil optree en 'n tafel van 8 individue wil volmaak, laat weet ons gerus. Ons wil

min of meer weet hoeveel mense om te verwag.

Jy is ook meer as welkom om die aand op te daag en ons sal verseker dat daar vir jou 'n sitplek is.

Pannekoek en koffie sal te koop aangebied word.

Kontak gerus vir Margita (082 337 4336) of Linda (082 402 4396) vir meer inligting.

Sondag 13 Maart

08:30 EIETYDSE EREDIENS EN KLEUTERKERK

09:45 KATEGESSE VIR GRAAD 1 – 7 BY DIE KERKGEBOU

KATEGESSE UITSTAPPIE GRAAD 8 – 11 (08:30 – 11:00)

Afhangende van die weer (en hoe hard ons tieners leer 😊) beplan ons om saam as vriende en families die Sacramento trail te stap. Ons gaan God buite die mure van die kerkgebou beleef. Ons vertrek saam 08:30 vanaf die kerkgebou en gaan mik om rondom 09:00 te begin stap vanaf die Sacramento1918 Restaurant. Die plan is ook dat die leerders weer 11:00 voor die boeke kan inskuif. Meer besonderhede sal in die komende week volg.

10:00 KLASSIEKE EREDIENS

Ds Derik Meyburgh van Cala gemeente gaan preek by altwee dienste.

SAKE vir GEBED:

- Die krisis in die Oekraïne. Vra vir Goddelike ingryping, beskerming van die mede gelowiges en dat die wêreldwye krisis deur alle Christene aan die Here opgedra sal word.
- Ons dank die Here vir elke druppel genade reën, maar bly ook steeds op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van die damme, die probleme met ons onsuiver water, asook vir die vervanging van verouderde infrastruktuur vir watervoorsiening in ons stad.
- Almal wat siek is. Ons bid dat elkeen van hulle genesing sal ervaar.
- Renier du Preez sukkel steeds met sy gesondheid.
- Ons bid vir Janine en Gerrit Coetzee. Ons bid vir die beskerming van die Here op elke fasset van hulle lewens, asook hulle gesondheid en vir seën op hulle bediening.
- Ons bid vir die opvoeding en onderwys van ons land. Daar is geweldige uitdagings by skole. Ons bid dat leerders die werk wat agv die pandemie verlore gegaan het, sal opvang.
- Uitdagings in die NG Kerk en ook in alle ander kerke. Bid dat die Here deur Sy Gees die kerk by die waarheid van die Woord sal hou.

Gebedsversoek vir There4-Bediening

Bid saam met Christene in **Eritrea** wat in tronke is en hulle families dat God se genade en teenwoordigheid hulle sal opbou, vertrous en versterk.

KOFFIEBEDIENING

Ons herinner almal dat die Koffiebediening weer aan die gang is. Daar is voor elke erediens koffie en tee in die maalruimte beskikbaar.

Indien jy betrokke wil raak by die Koffiebediening, kontak asb vir Annelie van Rooyen (084 412 1068).

KERKRAAD EN DIENSWERKERS VAKATURES

Die gemeente het 'n 5 ouderling, 2 diaken en 9 dienswerker vakatures. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb vir Niekie.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

6 Maart	Christo Grobler, Lisa Grobler, Edna Rademeyer en Ané van der Mescht
7 Maart	Wakki Burger, Jan Schnetler en Patrick Sharp
8 Maart	Waldo Dreyer, Johan Gerber en Madelein Naudé
9 Maart	Pienaar Agenbag, Hennie Bakkes, Tommie Burger, Rina Khats, Antoinette Minnie, Derik van der Merwe en Natie van Jaarsveld
10 Maart	Ronel Kotze, Jacques Minnie en Louise Nieuwoudt
11 Maart	Niel Cronje, Charleston Herman, Marelize Roets, Renier Rossouw, Schine Roux, Arno Rust, Lila Slabbert en Sonnie Wolmarans
12 Maart	Justin Terblanche



'n Spesiale Gelukwense aan oom Jan Schnetler wat op Maandag 7 Maart 94 jaar oud word.

UDISIES BY DIE CANTANDO@ALGOA KOOR

Ons nooi belangstellende volwassenes van 20 tot 60 jaar om deel te word van die Cantando@Algoa koor.

Oefentye: Elke Dinsdagaand 18h30-20h30

Oefenlokaal: Kraggakamma Gemeente kerksaal, Gazanialaan, Fernglen

Kontak vir Gustel Agenbag (082 899 3804) vir 'n oudisie of meer besonderhede.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

